nb
UITGEWERS
PUBLISHERS

Tafelberg
Human & Rousseau
Queillerie
Kwela
Pharos
Best Books
Lux Verbi
Melinda Ferguson Books

VIR ONMIDDELLIKE PUBLIKASIE

Ons bring hulde aan Fatima Sydow

NB-Uitgewers neem met ’n swaar hart afskeid van Fatima Sydow, wat 19 Desember oorlede is ná ’n lang en dapper stryd teen kanker.

Fatima Sydow, ’n kok en gewese spysenier, het ’n sonderlinge talent gehad om mense met haar kos bymekaar te bring. Haar aansteeklike liefde vir sowel kosmaak as haar medemens het uit elke gereg gestraal, en vreugde verskaf aan aanhangers reg oor Suid-Afrika. Haar Facebookblad, waar sy haar resepte gulhartig gedeel het, het duisende volgelinge gelok en haar ’n geliefde kosikoon gemaak.

In 2020 het Fatima ’n nuwe kulinêre reis aangepak – ’n YouTube-kanaal wat gou groot aanhang verwerf het en nou reeds 67 000 intekenare het. Haar gawe om met haar gehoor te kommunikeer het haar liefde vir kosmaak en haar passie om haar kennis met ander te deel na vore gebring.

Fatima en haar tweelingsuster, Gadija, was die gewilde aanbieders van hul eie kookprogram, *Kaap, kerrie & koesisters*, op die TV-kanaal *Via*. Die dinamiese duo het warmte en geur na huishoudings gebring en ’n blywende impak op die foodie-landskap gemaak.

Dit was vir NB-Uitgewers ’n eer om deel te kon wees van Fatima se literêre reis, wat begin het met die publikasie van haar en Gadija se eerste gesamentlike kookboek, *Kaap, Kerrie & Koesisters*, in sowel Afrikaans as Engels. Hierna het Fatima voortgegaan om haar kennis te deel in *Fatima Sydow Cooks* en haar mees onlangse boek, *Fatima Sydow, Cape Malay Cooking*.

Fatima se uitgewer, Lindy Samery, sê: “Fatima was meer as ’n skrywer, sy het ’n goeie vriendin geword. Ons het ’n pad gestap van haar eerste boek af – wat ’n merkwaardige mens. Ek voel geëerd om haar te kon ken. Vlieg hoog, my liefste Fati, tot ons mekaar weer sien.”

Die hoof- uitvoerende beampte van NB-Uitgewers, Eloise Wessels, sê: “Fatima was ’n kok van ongeëwenaarde bekwaamheid, ’n wonderlike skrywer, en die lieflikste mens. Ons dink aan haar geliefdes in hierdie hartseer tyd van onbeskryflike verlies.”

Fatima Sydow se dood laat ’n baie groot leemte. Haar ruimhartigheid van gees, aansteeklike passie en talent sal deur aanhangers, kollegas en almal wat sy aangeraak het, gemis word. NB-Uitgewers spreek sy opregte medelye uit met Fatima se familie, vriende en almal wat so bevoorreg was om deur haar medemenslikheid en kreatiwiteit aangeraak te word. Mag sy in vrede rus, en mag haar nalatenskap, haar liefde vir kos en samesyn, aanhou om mense te inspireer en bymekaar te bring.

Vir medianavrae, kontak asseblief vir Jean Pieters by jpieters@nb.co.za

Heerengracht 40 Kaapstad, 8001 | Posbus 879, Kaapstad 8000 | www.nb.co.za
40 Heerengracht Cape Town, 8001 | P O Box 879, Cape Town 8000 | www.nb.co.za
Tel: +27 (0) 21 406 3033 | Faks / Fax: +27 (0) 21 406 3812

NB-Uitgewers is ’n afdeling van Media24 Boeke (Edms) Bpk | Reg. Nr. 1953/000037/07
NB Publishers is a division of Media24 Boeke (Pty) Ltd | Reg. No. 1953/000037/07

Direkteure / Directors: O Lalbahadur, E Wessels (Besturende Direkteur / Managing Director), EM Ashton, LJ Jacquet (Sekretaris / Secretary)